**Skriflesing 1 Korintiërs1 vers 18 – 2 vers 5**
**Tema Die kruis draai die wêreld op sy kop**

Is sewe weke lydenstyd regtig nodig? Daar is reeds soveel seer en swaar in die wêreld. Is dit regtig nodig om so lank by die seer, die lyding en kruisdood van Jesus stil te staan?

En is dit wys om vandag nog te leer dat mense sondig is? Is dit nodig om steeds saam met Dawid in Psalm 51 te bely: "Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het?" Glo ons nog dat die enigste verlossing uit sonde deur Jesus Christus is? Glo jy dat God, in liefde, sy Seun vir ons gestuur het om vir ons sondes te kom sterf? Hy het gebroke sondaarmense se lewens, wat dood was in hul sondes en wat geneig was om God en hul naaste te haat, se lewens radikaal verander sodat hul God en hul naaste kan liefhê.

Die wêreld, die sondige ongelowige wêreld, se wysheid roep uit: "Dit is dwaasheid om nog sulke 'primitiewe' dinge te glo !" Die skrifgeleerdes en filosowe deur die eeue en van vandag sê dat tye verander het. Vir hulle is die Bybel bloot net nog 'n menslike boek vol mense se opinies en nie meer God se absolute onfeilbare Woord nie. Dat ons almal in sonde gebore is en 'n man aan die kruis moes sterf om ons te verlos, glo hul lankal nie meer nie.

'n Skrywer verwoord al in 2012 in die briewekolom van die Beeld iets hiervan: "Vir my is afname van godsdienstigheid geen verrassing nie, want die meeste intelligente mense neem al hoe meer kennis van die magdom betroubare inligting aangaande die waarheid of valsheid van godsdiens en godsdienstige geskrifte.
Mense is meer ingelig as ooit voorheen. Maar priesters, pastore, predikante en ander godsdienstige ghoeroes hou aan om mites en menslike interpretasies as tydlose en onfeilbare waarhede voor te hou."

So wie gaan ons glo: die wysheid en krag van God of die wysheid en krag van die wêreld? Wie is wys en wie is dwaas? Wie is krag en wie nie?

God se wysheid en krag is die kruisdood van Christus vir ons! Paulus het dit gepreek en in die gemeente van Korinte was mense wat nie saamgestem het nie.

Die Jode soek krag. Daarom is die kruis van Christus vir hulle 'n struikelblok. Hulle het 'n koning verwag wat al hul vyande sou kom vernietig, nie 'n dienskneg wat vir hul sondes kom sterf het nie. Hy moes die troon van hul voorvader Dawid kom herstel en hulle bevry van Romeinse onderdrukking. Hy moes heers. 'n Kruis was 'n plek waar misdadigers tereggestel is, 'n skandpaal. Daarom het hulle Jesus en die kruis as swakheid verwerp. 'n Koning aan 'n kruis, nooit nie! Dit is ook wat sekere Joodse groepe teen Paulus se prediking gehad het, dat hy te veel 'kruis' en te min 'kroon' verkondig.

Vandag loop ons steeds die gevaar dat ons net 'n koninkryk of gemeente van krag soek. Geld, getalle en geboue is nie onbelangrik nie, maar dit kan so maklik vir ons die belangrikste word. Die kruis is die krag van God want aan die kruis het Jesus Christus die bose en ons sonde en dood oorwin.

Die Jode het krag gesoek en die Grieke wysheid.
Die stad Korinte was in die eerste eeu bekend vir al sy Griekse geleerdes wat as groot redenaars die skares verbaas het met hul redeneerkuns en wêreldse wyshede… oor die

ontstaan van alles, die sin van die lewe, hoe om te lewe, ens. Die mense het aan hul lippe gehang en is vermaak. En nou was die klag teen Paulus dat hy nie met soveel "wysheid van woorde" soos die filosowe gepreek het nie.

Die kruis is van die begin af vir die Grieke onsin. Daar kan tog nie lewe en verlossing uit 'n skanddood kom nie. Hul roep Paulus op om op te hou om "mites en menslike interpretasies" as tydlose en onfeilbare waarhede voor te hou. Hy moet ophou om te leer van die skepping, sondeval, verlossing, heiligmaking en heerlikheid.

Die wysheid van God, die kruis van Christus, was vir die Grieke, as sogenaamde geleerde en beskaafde mense, 'n dwaasheid, want hul wou nie en kon nie verstaan dat deur Sy swaarkry, lyding, en dood aan die kruis daar lewe, hoop, vergifnis, redding en die ewige lewe sal kom nie. Daarom verwerp hulle die sogenaamde "sinlose dood" van Christus as betekenisloos vir 'n moderne wêreld en beskawing.

Die geleerde Grieke het ook alleen iets aanvaar as dit volgens hul sondige verstand aanvaarbaar en verstaanbaar is. Daarom het hulle ook nie in wondertekens, die maagdelike geboorte, die opstanding, hemelvaart, wederkoms en oordeel geglo nie.

Wysheid maak dat ons glo dat die mens soveel potensiaal het, dat hy homself kan verlos. Ons glo dat ons alles kan uitredeneer en daarvan kan sin maak. En in wese is ons eintlik goed.

Paulus is self hoogs geleerd. Hy was 'n Fariseër wat mense met sy geleerdheid en kennis kon oorweldig. Tog sê hy in 1 Korintiërs 2 vers 1-2: "[1]Wat my betref, broers, toe ek na julle toe gekom het om die geheimnisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. [2]Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde."

Hierdie Jesus Christus kom vir almal, maar is in besonder God se "ja" vir swakkes en hulle wat nie tel nie, die nikse en niemands in die samelewing.

God is nie'n  patroongod wat in hokkies van menslike verwagtings geliaseer kan word nie. Deur die kruis kom keer Hy die wêreld op sy kop. Die kruis is die krag van God waardeur Hy sonde en dood oorwin. Die kruis is die wysheid van God. Hy het ons ellende geken en geweet dat dit net deur die kruis weggeneem kan word.

Ons kan niks doen om ons redding te verdien nie. Dit hang 100% van die kruis af. Geloof is maar net die bedelaarshande waarmee ons Sy verlossing ontvang. Ons is niks sonder die kruis nie. Daarom, as iemand wil spog, spog met die gekruisigde Here Jesus Christus.
**Amen**

## Voorstel vir skakel in kuberkamma

**Preke**
Daar is reeds soveel seer en swaar in die wêreld. Is dit regtig nodig om vir 7 weke lank by die seer, die lyding en kruisdood van Jesus stil te staan? Die Jode het Jesus en die kruis as swakheid verwerp en die Grieke het Sy sogenaamde "sinlose dood" as betekenisloos vir 'n moderne wêreld en beskawing verwerp. Maar die kruis is juis die krag van God waardeur Hy sonde en dood oorwin het en ook die wysheid van God, want Hy het ons ellende geken en geweet dat dit net deur die kruis weggeneem kan word. ***Die kruis draai die wêreld op sy kop***